Tema: Gelykenis van die tien meisies

Verwelkoming 5 min

Ysbreker: Is jy gewoonlik betyds, laat of te vroeg vir ‘n afspraak? 25 min
Is jy gewoonlik voorbereid of “go with the flow” vir vergaderings? Hoekom?
As jy nou sou hoor dat die wederkoms verseker môre gaan wees, hoe sal jy voel? Wat sal jy doen tussen nou en dan?

Aanbidding: 5 min
Gee geleentheid vir terugvoer na aanleiding van almal se gebede na die vorige byeenkoms
Vra iemand om hierdie byeenkoms aan die Here op te dra.

Bybelstudie: Lees Mat 25:1-13 35 min

- Hoe verskil die tien meisies van mekaar?
- Wat is die “olie” wat jou “lamp” laat brand?
- Wat simboliseer die “slaap”?
- Het jy al probeer om van iemand anders se “olie” te leef? Wie? Wat was die gevolg?
- Wat is die boodskap van die gelykenis?
- Wat verwag Jesus moet Christene met hulle lewe doen in afwagting van Sy koms?
- Hoe affekteer Jesus se wederkoms die manier waarop jy leef? En saam met jou naaste leef?

Dienswerk: 5 min
By watter dienswerk kan julle as kleingroep betrokke raak? Bespreek met mekaar. Probeer om iemand in die kleingroep aan te stel as dienswerkleier wat julle in hierdie belangrike aspek sal voorgaan. Oorweeg om as kleingroep 'n dienswerkfonds te begin, waar elkeen elke maand geld insit wat julle dan in julle dienswerk kan gebruik.

Gebedsriglyn: 10 min
Verdeel in groepies van 3. Bespreek as groepies die volgende en bid dan daarvoor saam. (Hou gerus mekaar se hande vas terwyl julle bid.)

- Wat wil julle vir die Here vra na aanleiding van vanaand se byeenkoms?
- Waar moet die Here julle help in julle dienswerk?
- Vra die Here om gou te kom!

Administrasie: 5 min